DIE VRYEMARKSTELSEL IN LANDBOUBEPLANNING

J A LOMBARD, Professor, Universiteit van Pretoria

(gelees deur prof Haasbroek, UP)

Inleiding

Hoe sal landboubestuur en beplanning verander indien die produksie van landbouprodukte meer vryemark georienteerd word? Om hierdie vraag te probeer beantwoord is dit nodig om duidelikheid te verkry oor wat 'n vryemarkstelsel is en hoe ver die huidige toestand in Suid-Afrika daarvan verwyder is. Dat landbouproduksie in Suid-Afrika nie naastenby onder vryemark toestande plaasvind nie, is seker algemene kennis. Dit is dan ook vanselfsprekend dat die effek van hervorming in daardie rigting indringend sal wees. Wat vir ons almal egter minder duidelik is, is wat die aard van daardie indringende aanpassings sou moes wees. Mens kan ook vra sal die boere by die aanpassing baat; sal die landbou in geheel daarby baat; sal die land as 'n geheel daarby baat?

Dit sal natuurlik nie moontlik wees om al hierdie vrae behoorlik te hanteer in twintig minute nie — al was dit moontlik om al die antwoorde te vind. Al wat ek gaan probeer doen is om te praat oor 'n paar van die essensiële beginsels en feite wat betrokke is by die beantwoording van sulke vrae. Daarby is ek ook geen kenner van die landbou as sulks nie. Ek is veel meer tuis in die beginsels van die ekonomie in die algemeen.

Die essensie van 'n vryemarkstelsel

Ons weet almal te min van die wese van 'n vryemarkstelsel, maar ongelukkig kan ek nie vandag behoorlik daarop ingaan nie. Dit is egter belangrik om meer aandag aan die fundementele beginsels te gee: "if you don't stand for something you'll fall for anything". Ek noem net die volgende essensiële aspekte:

(i) Die vryemarkgedagte is die basiese alternatief op ekonomiese gebied vir sentrale beplanning.

(ii) Soos sentrale ekonomiese beplanning deel is van die groter politieke ideologie van sosialisme is die vryemarkgedagte deel van 'n groter ideologie van individuele en groepsvryeheid in plurale gemeenskappe.

(iii) Die vryemarkstelsel bied 'n outomatiese dissipline oor menslike selfsug, agterlosigheid, luiheid, terwyl sosialisme geen sodanige dissipline uitoefen nie.

(iv) Die vryemarkstelsel beloon doeltreffendheid en ondernemingsgees en produksie. Die sosialisme beloon sukses in politieke magsuitoefening.

(v) Die dissipline van die vryemarkstelsel is baie eenvoudig. *Dit lê in die vryheid van ope mededinging.* Onder toestande van vrye mededinging word die prys wat 'n produsent kan vra vir sy produk bepaal deur wat verbruikers bereid is om daarvoor te betaal en wat ander mededingende produsente bereid is om daarvoor te aanvaar. Die vryemarkdissipline tree in werking as daar genoeg onafhanklike kopers en verkopers in 'n mark is om te sorg dat *geen enkele markparty soveel mag in die mark bekom dat hy die prys kan voorskryf aan die ander markpartye nie.*

In hierdie eenvoudige gedagte is die hele wet en die profete van die vryemarkstelsel saamgevat. Alle meer ingewikkelde filosofiese, ekonomiese en staatkundige opvattings oor die karakter van die vryemarkmeganisme spruit hieruit voort. As mededinging die genoemde vorm aanneem is alle kopers en verkopers beskerm teen uitbuiting deur die beskikbaarheid van alternatiewe voorsieners en afnemers wat onafhanklik van mekaar staan. Verbruikers kan die nut van hul beskikbare inkome maksimeer. Produsente kan hul insetkoste per eenheid produk minimiseer. Lone is die arbeid waardig. Nuwe moontlikhede word duidelik weerspieël in abnormale winskanse, ens. ... Alle partye in die stelsel kom deeglik onder die indruk van die wins wat daar sit in goeie berekenings en in deeglike kennis van omstandighede wat die produksie of die gebruik van bepaalde produkte raak. Die gevolg is dat die relatiewe pryse van goedere en dienste in die hele ekonomiese lewe akkurate flitsberigte is van die saamgestelde kennis van alle produsente en verbruikers oor die produksie- en verbruikersomstandighede van alle goedere en dienste. Geen ander ekonomiese stelsel het naastenby die vermoë om hierdie prestasies te lewer nie.

Staatsinmenging met die vryemark

Laat my nou toe om 'n paar woorde te sê oor wat die vryemarkstelsel *nie* doen nie. Die stelsel ondersteun geen besondere politieke standpunt nie. Dit ondersteun ongelukkig nie eers altyd die idee van ekonomiese vryheid nie. Trouens vrye mededinging in die ekonomiese lewe kan selfvernietigend word. Die stelsel as sulks is dus nie outomaties stabiel nie. Dit kan outomaties ontwikkel in 'n toestand van monopolistiese magsmisbruik. Mense wat dus graag in 'n stelsel van vrye mededinging wil lewe moet voortdurend werk daaraan om te sorg dat dit vir hulle behoue bly.

Die stelsel dien ook geen besondere etiek of stel morele reëls nie. As lede van 'n dekadente gemeenskap hou van orgies en as hulle daarvoor wil ek kan betaal sal die vryemarkstelsel die produksie daarvan organiseer. Andersom as die lede van 'n lewenskragtige gemeen-

skap hou van ontdekkingsreise, van sport, van letterkunde, sal die vryemarkstelsel die produksie van hierdie dinge organiseer. Die markmeganisme kan die implikasies van meer-oorlogvoering net so goed hanteer as dié van meer onderwysdienste, en albei net so goed as 'n oplewing van private verbruiksbesteding.

As ons dus, soos broer Genis, beswaard voel oor politieke, maatskaplike of morele toestande in die ekonomiese lewe van die gemeenskap, en ons voel die saak moet reggestel word is daar niks in die beginsels van die vryemarkstelsel wat spesifieke optrede onregmatig maak nie. Vryemarkbeginsels verbied nie die bestaan van regerings en politieke uitsprake oor ekonomiese sake nie; ook nie kerke met hul morele uitsprake oor ekonomiese sake nie. Al wat hierdie beginsels sê is dat *indien die staat deur sy metode van inmenging of deelname die gehalte van die mededinging ondermyn kan hy groter probleme skep as wat hy wil oplos.* Dit gaan dus nie soseer oor die regmatigheid van die doel van staatsinmenging nie, maar oor die effektiwiteit van die metode van inmenging. So het ons uit dure ondervinding geleer dat huurbeheer nie daarin slaag om hierdie lewenskoste item laag te hou sonder om 'n yslike tekort aan behuising te veroorsaak nie, of dat lae verbandkoerse deur die Landbank nie daarin slaag om verbandkostes laag te hou, as die pryse van landbougrond eenovudig deur die lae verbandkostes opgejaag word nie. Daar is dus effektiewe metodes van inmenging met die markekonomie en daar is oneffektiewe metodes van staatsinmenging.

Dit is egter wel ook so dat *te veel staatsinmenging naderhand 'n nadeel insigself word.* Die belangrikste redes waarom dit so is, is baie prakties van aard nl. die politieke onsekerhede wat die meebring. Staatsinmenging met die vryemark beteken altyd die invoering van 'n politieke veranderlike in die stelsel wat die plek neem van 'n markveranderlike. Meer-en-meer politieke inmenging bring dus 'n toenemende getal politieke veranderlikes in die ekonomiese stelsel mee. Die beweging van politieke veranderlikes is nie vir die sakeman so hanteerbaar of voorspelbaar soos markveranderlikes nie. Die gevolg is dat sakemanne hoë koste van allerlei aard aangaan om vir hierdie onsekerheid te probeer voorsiening maak. Maar meer nog, staatsinmenging gaan gewoonlik gepaard met hoër belastings of hoër kostes weens beperkende regulasies. Die gewone geestesgesteldheid van 'n sakeman, trouens van meeste markpartye is om 'n styging in 'n markprys te beskou as 'n feit van die lewe wat op die mees effektiewe proaktiewe wyse te bowe gekom moet word. Die aard van belastings, veral hoë direkte belastings, is egter sodanig dat mense se reaksies op stygende belastings baie meer negatief inwerk op ekonomiese gedrag. Ek verstaan dat boere hul eie maniere het om min belasting te betaal, maar mense wat nou al byna 50 persent van hul salarisse oorbetaal, en op die meeste van die res nog 12 persent AVB moet betaal, verloor belangstelling in die ekonomiese groei van Suid-Afrika en hul persoonlike rol daarin. Al sou dit waar wees dat die staat die opbrengs van die belasting baie goed gebruik, bv. in die onderwys, sou mense beter reageer het as hulle liewer die diens in die mark kon koop teen 'n markprys.

Die tweede, ewe belangrike aspek van te veel regering in die ekonomie gaan oor inflasie. Te veel regering veroorsaak omtrent altyd inflasie. Inflasie sou nie kon bestaan in die afwesigheid van staatsinmenging en sentrale banke wat gereed is om die geld daarvoor te skep nie. Op hierdie stelling self kan ek nie nou verder ingaan nie, maar die implikasies van die proses van inflasie vir die ekonomie van die landbou in Suid-Afrika was nogal ernstig oor die afgelope dekade.

Om hierdie algemene opmerkings oor die politiek van inmenging met die vrye mededingende mark af te sluit, moet kortliks aandag gegee word aan die kwessie van die motief vir staatsinmenging. Hoewel die beginsels van die mark niks te sê het oor die regmatigheid van sulke motiewe nie, het die algemene ekonomiese beginsels van die demokrasie wel heelwat daaroor te sê. Sodra die owerheid, as die agent van die staat, meer probeer doen as om die orde te handhaaf, nl. om dienste aan die gemeenskap te lewer met hulpbronne wat hy deur belastings of geldskepping verkry, *gaan die owerheid ongelukkig gewoonlik sekere seksies van die bevolking bevoordeel teen nadele van ander seksies van die bevolking.* Die gevalle waar die *nie* so sal wees nie is min.

Die gevolg van hierdie omstandigheid is natuurlik dat die politieke prosesse van die demokrasie deursuur word met die aktiwiteite van besondere presessiegroepe wat die belange van hul lede so hoog op die politieke waardeleer wil plaas as moontlik.

Die huidige ekonomiese beleid ten opsigte van die landbou

Statuêre maatreëls, waaronder veral die Bemarkingswet, dek tans bykans 90 persent van die totale landbouproduksie. Die waarde van die produkte waarvan die pryse in mindere of meerdere mate onder hierdie reëlings bepaal of beïnvloed kan word, bedra sowat 60 persent van die totale waarde van landbouprodukte.

Die pryse van hierdie landbouprodukte is dus geen vryemarkpryse nie, maar uit-en-uit instrumente van die owerheid se landboubeleid. Solank die doel van hierdie beleid nog bloot was om die gedeelte van markprysskommelinge wat oordrewe of verwarrend is ten opsigte van die ewewig tussen ware vraag en aanbod, was dit teoreties moontlik dat vryemarkbeginsels minstens oor die langer termyn nagekom word. Maar oor die jare sedert die skepping van die verskillende bemarkingsrade het die politiek rondom die werksaamhede van hierdie rade baie verander. 'n Ander politieke doel het baie sterk navore getree in die plek van die blote regulering van

kort-termyn prysskommelings. Die ander doel was die stabilisering van die boer se inkomste.

So stel 'n eertydse baie eerbare Sekretaris van Landbou, dr Claude van der Merwe die saak: "Vanweë die klaarblyklike tekortkominge in die funksionering van die prys as reguleerder en omdat die prys wel dikwels 'n betreklik maklike metode bied om, altans oor die kort-termyn, inkomstes te onderskraag, is die druk altyd sterk om die reguleringsvermindering om die agtergrond te skuif, die inkomste-aspek te beklemtoon, en na ander meer kunsmatige moontlikhede te soek om die ewewig tussen die aanbod en die aanvraag te herstel of te bewaar."

Maar die beleid slaag natuurlik ook nie, want die prys van die produk is maar net een, hoewel belangrike, van verskillende faktore wat skommelings in die inkomste van die individuele produsent kan veroorsaak. Ook die omvang van netto inkome word natuurlik noodwendig deur faktore soos produksieskaal beïnvloed. Trouens die huidige beleid om die inkome van die marginale boer via die prys te stabiliseer lei daartoe dat in goeie jare fortuine deur sekere landboumagnate met abnormale winste uit landbouprys gemaak is.

Stygings in landboupryse word dus hoofsaaklik deur politieke weerstand begrens, d w s al die ander dele van die gemeenskap wat die produkte verbruik, sterk genoeg in die politieke arena optree — 'n uiters ongelukkige toestand. Die enigste markkrag wat 'n begrensde rol kon speel, nl die internasionale handel, in en uitvoere word aan die invoerkant uitgeskakel deur invoerbeheer. Dit is dus slegs wanneer produksie uitgevoer moet word, wanneer markkragte 'n plafon op stygings plaas.

Aan die kostekant van die produksieproses in die landbou was daar ook maar bitter min sprake van vryemarkkragte aan die werk. Die belangrikste kategorieë van insette in die landbou is brandstof en kunsmis onder die intermediêre insette, en rente en lone onder die primêre insette. Nie een van hierdie pryse is egter oor die afgelope dekade toegelaat om markkragte te weerspieël nie.

Landbouvooruitsigte onder vryemarktoestande

Die algemene opvatting is dat die hoë mate van politieke beheer oor landboupryse besonder nadelige gevolge vir die ekonomiese doeltreffendheid in die landbou en vir die produktiwiteit van die ekonomie in die algemeen het.

In een van sy vele interessante toesprake oor landboubeleid, wys dr Japie Jacobs, 'n Vise-President van die Reserwebank en Voorsitter van die regering se landbou-advieskomitee daarop dat die landboubestuur en -beplanning heeltemal te "produksie georiënteerd en te min bemarking georiënteerd is." Hy haal met instemming die volgende getuienis aan van die Amerikaanse Minister van Landbou: "We cannot continue to operate a farm program with an incentive to overproduce, both here and abroad, while the government shoulders the entire burden of overproduction." Sy standpunt is dat 'n markgeoriënteerde beleid die aangewese beleid is wat sal verhoed dat graan o.a. in marginale streke (volgens topografie en weersomstandighede) verbou word en wat sal verseker dat Amerikaanse landbouprodukte teen konkurrenrende pryse internasionaal bemark kan word. Soos hy dit stel: "... we have to establish policies that assure the farmer 'feels the market' ".

In sy herwaardering van die Amerikaanse landboubeleid het die betrokke Minister die instelling van 'n stelsel van bemarkingskwotas sowel as 'n tweeledige markstelsel (die plaaslike mark en uitvoermark word geskei) verwerp.

Sy redes daarvoor is interessant. Hy voel dat 'n stelsel van bemarkingskwotas moeilik administreerbaar sal wees, ondoeltreffende boere sal beskerm en sodoende die internasionale mededingingsvermoë van Amerikaanse landbouprodukte sal benadeel. Oor die instelling van 'n tweeledige markstelsel is sy kommentaar: "... dual pricing systems are often touted as a means for accomplishing price and income objectives. Under some of these plans domestic prices would be set higher than world prices, and either direct government subsidy or revenues earned through domestic sales would be used to buy down the price of commodities entering foreign markets. ... The EEC serves as an example of such policy, a policy that rewards the inefficient and penalizes the efficient, locks in production patterns and technology, and assures that the agricultural system does not adjust to change."

Uit die herevaluasie van die Amerikaanse landboubeleid word een sentrale tema sterk beklemtoon, nl dat die landboubedryf, solank as wat die VSA 'n belangrike uitvoerder van landbouprodukte wil bly, nie van die internasionale invloede geïsoleer kan word nie. M a w, die landboubeleid moet markgeoriënteerd wees. Dit is ook die beste waarborg om te verseker dat landboubeleid die optimale benutting van die landbouhulpbronne bevorder. Daar word egter toegegee dat skerp prysfluktuasies probleme vir die boere kan skep. Stappe is gevolglik geregverdig om oormatige prysskommelings uit te skakel — wat die Amerikaners verkies om by wyse van buffervoorrade (nie stabilisasiefondse nie) te doen — en dan moet die boere by voorkeur die voorrade hou en finansier. Daar moet egter teen gewaak word dat enige prysondersteuningsmaatreëls meebring dat boere byvoorbeeld mielies vir die voorradepoel i p v die mark (binnelands of buitelands) produseer.

Dr Jacobs gaan voort om te beweer dat alhoewel Suid-Afrika 'n baie armer en meer onstabiele landbouproduserende land as die VSA is, en die plaaslike land-

boubedryf ook van besonder strategiese belang vir die Republiek is, kan ons nietemin kennis neem van die wyse waarop die Amerikaanse regering poog — met die nodige ondersteuning van die georganiseerde landbou — om sy strukturele landbouvraagstukke te hanteer.

Hierdie standpunte van die plaaslike en oorsese gesaghebbendes kom vir my oortuigend voor. Ook wat die rentekoers-probleem betref, kan dr Jacobs se standpunt dat die koers veel meer margeoriënteerd moet wees, sterk ondersteun word. Die netto effek van die subsidiëring van rentekoerse was sekerlik nadelig vir die lewenskragtigheid van die landbou.

Vir my is dit duidelik dat onder hierdie omstandighede van omvangryke staatsbeheer die ekonomiese lewenskragtigheid van die landbou agteruit gegaan het. Landboubeplanning het op die makrovlak eerder 'n politieke saak as 'n ekonomiese saak geword, en op die mikrovlak 'n saak van produksietegnologie eerder as ekonomie geword. Maar nóg die politiek nóg die tegnologie kan die ekonomiese probleme van besluitneming oplos. Ekonomiese keuse vraagstukke moet deur ekonomiese skerpsinnigheid opgelos word, en ekonomiese skerpsinnigheid ontwikkel ten beste wanneer produksie op vryemarktoestande georiënteerd is.

Dit word gewoonlik ook aangeneem dat meer markgerigte uitset-prys en meer markgerigte rentekoerse groot uitdagings tot landboubestuur en landboubeplanning sal rig. Dit sal beslis beteken dat boere in die toekoms wel besluite veel meer op ekonomiese insigte sal moet baseer en so 'n hervorming by boere sal ongetwyfeld lei tot 'n meer produktiewe aanwending van die land se hulpbronne.

Maar ek meen ook dat die aangeleentheid nie deur die boere net daar gelaat kan word nie. Vir effektiewe landboubestuur en landboubeplanning word dit dan ook nodig dat die invloed van meer vryemarktoestande ook moet geld by die verloop van die pryse van hul ander insette. Die items wat gewoonlik genoem word is natuurlik die koste van masjinerie en van misstowwe waar vrye markpryse nie juis geld nie. Hieroor is al veel gesê deur die gesaghebbendes.

Ek wil liewer die aandag vestig op die nadelige uitwerking op die landbou-ekonomie van inflasie in die algemeen, iets wat beslis die gevolg is van politieke bemoeiing met die markekonomie en nie onder vryemark toestande sou plaasvind nie. Dit is geen twyfel nie dat die inflasie in Suid-Afrika oor die afgelope tien tot vyftien jaar die relatiewe winsgewindheid van die landbou, d w s in vergelyking met die ander produksiesektore in die ekonomie ondermyn het. Dit kan veral gesien word in die agteruitgang in die uitvoervermoë van hierdie sektor sedert die sestigerjare.

In die vrye mededingende omstandighede van die internasionale handel het landbou veel beter gevaar vergeleke met fabrieksware en mynbou, al was hierdie sektore vir die binnelandse ekonomie van Suid-Afrika gevaarlik. As die pryse van uitsette en die koste van insette in Suid-Afrika in lyn met internasionale tendense gebly het oor die afgelope vyftien jaar, sou die winsgewendheid van die landbou relatief tot die ander produksiesektore in ons ekonomie hoër geword het en kosteverhoudings is egter grootliks versteur deur 'n kombinasie van algemene binnelandse koste-inflasie plus sterk differensiële stygings in die na belasting gelande pryse van ingevoerde produkte.

As hierdie sport politieke versteuring van pryse en koste in die toekoms moet voortduur kan dit aanhoudend nadelige gevolge vir die landbou inhou. Politieke inmenging in die Suid-Afrikaanse ekonomie het natuurlik nie tot die landbou beperk gebly nie. Dit het veel meer omvattend geword. Wat meer is, die oogmerke van hierdie meer omvattende inmenging was nie om die landbou as sodanig bo ander sektore te bevoordeel nie.

Die beginsels van die vryemarkstelsel sal nie aan die een kant die landboubestuur en -beplanning dwing om meer ekonomies as voorheen te werk te gaan, maar as die stelsel nie net op die landbou nie, maar op die ekonomie as geheel toegepas word, behoort die winsgewendheid van die landbou daarby te baat.